LES 3: VYANDE

(Keer jou tong van kwaadpraat)

Vlugteling

KERNGEDAGTE: Keer jou tong van kwaadpraat

KERNVERS: Psalm 141:3
"Sit 'n wag voor my mond Here, hou wag oor wat ek sê."

HULPMIDDELS:
Liedjies: Jan de Wet – Keer jou tong van kwaadpraat
Sing dit eers reg deur en hou die tweede keer jou tong vas terwyl jy dit sing.

INLEIDING: Toneeltjie van Tong
Groepleier moet met iemand reël om te kom help met die toneeltjie.
Groepleier: Sê gou AAA!
Hulp: AAARRRR!
Groepleier: Nee man, AAAA!
Hulp: Soos 'n seerower. AAAARRR!
Groepleier: Nee man: AAA, soos wanneer jy dokter toe gaan en jou tong moet uitsteek en AAA sê.
Hulp: O, ok. AAA!
Groepleier: (Gryp die tong vas en bekyk tong van alle kante)
Hulp: Hey, wat maak jy!
Groepleier: Ek kyk net of dit waar is.
Hulp: Of wat waar is.
Groepleier: Dit wat in Jakobus 3:5 en 6 staan.
Hulp: Wat staan daar?
Groepleier: Daar staan: "So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek. Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet...."
Hulp: Sjoe, en hoe lyk my tong?
Groepleier: Hang af wat jy vir mense sê!

LES:
Dawid het baie vyande gehad Bv.
Koning Saul wou hom doodmaak omdat Hy jaloers was op Dawid
Die Filistyne – Hy het vir Goliat, hulle reus en groot wapen doodgemaak
Ammilikiete – Hulle het teen mekaar geveg.
Hy het die volgende volke oorwin en hulle goud en silwer gevat.
Aramiers
Moabiete
Amoniete
Ek wonder hoe moes Dawid gevoel het met soveel vyande?

Ek dink hy het geweet dat hy baie wreed en lelik met hulle kon wees, maar hy het geweet dit is nie wat God wil hê nie. Hy het vir God mooi gevra om hom te help om nie lelike dinge van ander te sê nie. In een van sy Psalms bid hy tot God en smeek Hom om hom hiermee te help.

Psalm 141:3
"Here, U moet 'n wag voor my mond sit, U moet keer dat ek niks verkeerd sê nie."

Orals in die Bybel lees ons van die uitwerking wat ons woorde op ander mense kan hê.
Spreuke 12:6
"Wanneer die mense wat verkeerd doen, praat, dan wil hulle ander mense laat sterf, eerlike mense se woorde red hulle."
Efesiërs 4:29
"Julle moenie slegte dinge van mense sê nie, julle moet net dinge sê wat hulle geloof sterker sal maak en wat hulle sal help om te weet dat God goed is."

AKTIWITEIT:
Gee aan elke kind 'n papier sodat hulle hulself kan teken.

As hulle klaar geteken het, moet hulle hul prentjie aan die maat langs hul gee.

Die verteller kry nou die kans om 'n paar negatiewe goed op te noem. Noem een of twee en vra dan nog voorbeelde uit groep.

Met elke negatiewe ding wat genoem word, word 'n stuk van die prentjie afgeskeur. Hou aan om die prentjies aan te stuur en op te skeur. (as kinders baie klein is en skeur traumaties gaan wees, vou dit dan net lelik met elke negatiewe ding wat gesê word)

As jy vir 'n maat iets leliks sê dan is dit soos om 'n stukkie van hom uit/af af te skeur. Jy maak hom/haar seer.

Hoe voel hulle nou as hulle sien hoe hulle prentjie opgeskeur is?

Was dit lekker dat iemand geskeur het aan jou prentjie?
As jy nie wil hê iemand moet jou prentjie opskeur nie, moet jy ook nie hulle s'n opskeer nie.
Die goue reël is: Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.
Hoe kan ons mekaar heelhou en nie opskeur nie?

POSITIEWE VERSE

Skryf die twee positiewe verse op verskillende kartonne en laat die kinders dit versier en in die klas opplak. (Voeg nog verse by as jy wil)
Spreuke 12:25
"'n Mens wat bekommerd is, voel nie gelukkig nie, maar 'n vriendelike woord maak hom bly."
Spreuke 15:1
"Wanneer jy iemand mooi antwoord, dan sal hy ophou om kwaad te wees, maar wanneer jy dinge sê wat iemand seermaak, dan maak jy hom kwaad."

AKTIWITEITE:

Gee die kinders kans om weer 'n prentjie van hulleself te teken. Gee vir hulle wol, kleur papier, bewegende ogies ens. om hulle prentjie mooier te kan maak as die een wat opgeskeur is.

Maak 'n handpop uit bruinpapiersak. Plak oë en wimpers op die boonste vlappie, plak die mond in onderste vlappie en skryf die kernvers op die handpop se lyf.



Wimpers:
Knip op stippellyn
Rol om 'n potlood (vir krul)
Vou die onderste deel, sit gom op en plak bokant oë

GESIG VIR BRUIN PAPIERSAK